VOLUME 2/2012
NOV 2012

# STRUISIELAND HOU 50 JAAR REüNIE

***In 1963 open die hekke van Hoërskool Oudtshoorn, gebore uit die tradisieryke Hoër Seunskool en Hoër Meisieskool. Hierdie skool wat in die volksmond bekend geword het as die Struisies, sou later een van die top skole in die Suid-Kaap word. Die bydrae wat Struisieland oor die afgelope 50 jaar tot Suid-Afrika se mensekapitaal gelewer het, kan allermins gering geskat word.***

2013 gaan 'n groot jaar vir Struisies wees - dan vier HS Oudtshoorn sy 50-jarige bestaan. 'n Groot makietie word vir 9-11 Augustus 2013 beplan en inligting sal so gou moontlik bekend gemaak word. Die matrieks van 1973, 1983, 1993 en 2003 word nou al versoek om hul groepe te organiseer vir Reünie 2013! Hoërskool DF Malan van Bellville is Saterdag 10 Augustus 2013 die sportgaste van Struisies en daar word meegeding in alle sportsoorte wat Struisies aanbied.

Stephan Terblanche is aangestel as die organiseerder van ***Struisies 50 Fees***. Oud-Struisies kan gerus die media dophou vir meer nuus en die skool kan ook gekontak word by dave@oudhs.wcape.school.za, 044-2791623 of 044-2725365 [F]. Oud-Struisies word versoek om so gou moontlik hulle jongste kontakbesonderhede [of van Oud-Struisies waarvan u weet!] aan die skool te stuur.

***Struisieland hoor graag van sy puik oud-skoliere!***



IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Sulayman wen groot | 2 |
| Anica - Top Matrikulant | 2 |
| Reünies - Fotobeeld | 3 |
| KKNK-nuus | 3 |
| Towers Trust skenk ruim | 4 |
| Drummies excelled | 4 |
| Borgefunksie | 4 |


Vir die 2013-kalender...

| | | |
|---|---|---|
| 7 | Feb | OHSCAS |
| 29 | Mrt | KKNK begin |
| 3 | Aug | KWAGGADAG |
| 9-11 | Aug | STRUISIES 50 FEES |
| 28 | Aug | MATRIEKAFSKEID |
| 4 | Nov | BORGEFUNKSIE |

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL
STRUISIEBONDER

# STRUISIES & OUD-STRUISIES WAT PRESTEER




SULAYMAN HUMAN (19) oud-leerder van die Hoërskool Oudtshoorn, het vroeër vanjaar die Atterbury Nasionale Klavier-kompetisie vir jong pianiste in Pretoria gewen – minder as 'n week nadat hy die medewenner was van die Kunstekaap (Artscape) Nasionale Musiekkompetisie in Kaapstad.

Hy het ook vanjaar alreeds die Hennie Joubert-klavierkompetisie, een van Suid-Afrika se grootste klavierkompetisies, gewen.

Die wenprys vir Vrydagaand se kompetisie was R20 000 en 'n Dietman-vleuelklavier van R85 000!

Sulayman het ook die afdelings vir pianiste 19 jaar en jonger, vir die beste uitvoering van 'n barokwerk en vir die beste uitvoering van 'n klassieke werk gewen. **Struisies is baie trots op hom!**

## *ANICA EEN VAN TOP 5 MATRIEKS IN SUID-AFRIKA*

Sy is hoofmeisie van die skool, koshuisprefek, akademiese presteerder, wenner van 'n hoërskole-kunsEisteddfod vir die derde keer, onderkaptein van die eerste meisieshokkiespan en nou ook een van Suid-Afrika se vyf topmatrikulante! Sy is Anica Potgieter van Hoërskool Oudtshoorn en 'n TROTSE Struisie!

Anica was een van 20 leerders wat gekies is uit matrikulante wat dwarsoor Suid-Afrika ingeskryf het vir die Universiteit Stellenbosch en Jip se kompetisie om Suid-Afrika se topmatrikulant aan te wys. Die 20 is toe vir onderhoude genooi en beoordeel deur 'n paneel van die US, waarna die topvyf aangewys is. Die wenner van die kompetisie was Lance van Rooy, hoofseun van Die Settlers Hoërskool in Bellville.

"Om een van die topvyf te wees is regtig 'n groot eer vir my," sê Anica. Sy het hiermee 'n beurs van R30 000 van die Universiteit Stellenbosch (US) en 'n skootrekenaar van R12 000 gewen. Dit is Anica se tweede groot prestasie vanjaar. In Maart vanjaar het sy Spanje besoek nadat sy saam met 11 ander leerders van Europa, die VSA, Latyns-Amerika en Asië gekies is om op die Junior Adviserende Raad van die IE Universiteit in Spanje te dien. Daar het sy lesings en werksessies bygewoon en moes 'n toespraak lewer.

Anica het ook in 2010 die juweliersafdeling van die Libere Stigting se jaarlikse kompetisie vir die maak van produkte van afvalmateriaal gewen.

Anica is die dogter van mnr Joey en me Ria Potgieter. Sy is gekeur om volgende jaar BCom Bestuurswetenskappe aan die US te gaan studeer. Sy wil daarna spesialiseer in bemarking, entrepreneurskap en innovasiebestuur.



# FOTOBEELD VAN 2012 REÜNIES










## GESEËNDE KERSFEES & VOORSPOEDIGE 2013

Die Struisiebond en Personeel van Hoërskool Oudtshoorn wens alle oudStruisies en hul gesinne 'n geseënde kerstyd en voorspoedige 2013 toe.






# KKNK-NUUS ...

**29 Maart-6 April 2013**

Hoërskool Oudtshoorn se koshuise, Huis Archer & Pinehurst, bied inwoning tydens die KKNK.

Daar is ook kampeergeriewe by die skool asook die koshuise. Besoek gerus die webtuiste www.struisiesacc.co.za

### REUNIONS / REÜNIES

Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar die Struisiebond kan, ondersteun ons die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reël, logistieke hulp aan te bied en advies te gee.

Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za









# SPORT

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

## STRUISIEBOND

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## TOWERS TRUST SKENK RUIM VIR GIMNASIUM

Sportontwikkeling in Struisieland het baie gebaat by die daarstelling van 'n volledig-toegeruste gimnasium by die skool. Dit is moontlik gemaak deurdat Towers Trust die fondse beskikbaar gemaak het. Vanaf Januarie 2013 sal daar 'n eie, voltydse biokinetikus in diens van die skool wees.

Onder die leiding van Harry Coetzee, die Sportbe-stuurder by Struisies, word Struisiesport professioneel benader en kan dit net bydra tot groter sukses!



**ENB KWAGGADAG 2013**
**4 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !



## STRUISIE DRUMMIES EXCELLED IN NATIONAL CHAMPIONSHIPS

The drummie team of Oudtshoorn High School, trained by Mr Johnny Bisschoff, was in excellent form at the National Championships in Orkney. The team participated against top teams from all over South Africa and came second in the flag and small drill divisions in the premier league and third in the non-prop division.

## BORGEFUNKSIE 2012

Aan die einde van elke jaar bied HS Oudtshoorn die tradisionele borgefunksie aan waar alle borge, donateurs en weldoeners getrakteer word op 'n heerlike "kuieraand". Op dié manier sê Struisies dankie vir die wonderlike ondersteuning.

Borge, donateurs en weldoeners vorm 'n uiters belangrike deel van die sukses in Struisieland. ***Struisies sê weer eens baie dankie!***



Gesellig by die borgefunksie 2012




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ TTi, FNB, OUDTSHOORN, 62129269793